Wes-Kaapse Huurbehuisingstribunaal

DOELWITTE VAN DIE TRIBUNAAL

- Om stabiliteit in die huurbehuisingsektor van die Wes-Kaap te bevorder
- Om meganismes vir die hantering van geskille binne hierdie sektor te skep
- Om deur fasilitering, ondersoeke, bemiddeling en formele verhore geskille te besleg
- Om verhuurders en huurders in te lig met betrekking tot hul regte en pligte indien onbillike en onwettige praktyke ontstaan

VERANTWOORDELIKHEDE VAN DIE TRIBUNAAL

Die Huurbehuisingstribunaal verskaf ‘n gratis diens aan huurders en verhuurders regdeur die Wes-Kaap. Verhore en sittings vir bemiddeling word so naby as moontlik aan die punt van klagte hanteer.

WATTER PROSES WORD GEVOLG AS ‘N KLAGTE ONTVANG WORD?

- Klagtes moet op die klagtevorm wat in die Prosedureregulasies voorgeskryf is en by die Tribunaal beskikbaar is, ingedien word.
- Die Tribunaal doen ‘n voorlopige ondersoek om vas te stel of die klagte betrekking het op ‘n geskil ten opsigte van ’n aangeleentheid wat ‘n onbillike praktyk kan uitmaak.
- Indien die klagte wel betrekking het op sodanige geskil, poog die Tribunaal eers om die klagte deur informele of formele bemiddeling op te los.
- Indien die partye nie ‘n ooreenkoms kan bereik nie, word die saak verwys vir formele verhoor.

WIE MAG ‘N KLAGTE INDIEN?

Enige huurder of verhuurder of groep huurders of verhuurders of belangegroep binne die Wes-Kaap mag klagtes by die Wes-Kaapse Huurbehuisingstribunaal indien.

WAT IS DIE REGTE VAN VERHUURDERS EN HUURDERS?

‘n Huurder se regte sluit in:

- Dat sy/haar persoon of woning nie deursoek mag word nie
- Dat sy/haar eiendom nie deursoek mag word nie
- Dat daar nie op sy/haar besittings sonder ‘n hofbevel beslag gelê mag word nie
- Privaatheid van kommunikasie

'n Verhuurder se regte sluit in:

- Tydige en gereelde betalings
- Om skuld te verhaal na ‘n hofbevel verkry is
- Om ‘n huurkontrak te kanselleer op gronde wat nie as onbillik beskou word nie en in die huurkontrak gespesifiseer is
- Om by beëindiging van die huurkontrak, die huureiendom in ‘n goeie toestand terug te ontvang en om die eiendom terug te neem na verkryging van ‘n hofbevel
- Om vergoeding te eis vir skade/verbeterings

WAT GEBEUR INDIEN PARTYE NIE AAN ‘N BESLISSING VAN DIE TRIBUNAAL GEHOOR GEE NIE?

- ’n Beslissing van die Tribunaal word geag ‘n bevel van ’n landdroshof, geneem ingevolge die Wet op Landdroshowe (1944), te wees.
- Enige persoon wat versuim om aan artikel 16 gehoor te gee (m.a.w. versuim om ‘n verhoor by te woon sonder voldoende gronde, wat weier om ingesweer te word, wat weier om enige dokument of voorwerp in sy besit voor te lê, wat poog om die Tribunaal te mislei, wat met opset vals verklarings maak, wat enige regulasie oortree), sal skuldig wees aan ’n oortreding en by skuldigbevinding strafbaar wees met ’n boete of gevangenisstraf van hoogstens twee jaar, of met sowel ‘n boete as gevangenisstraf.

WAAR OM AANSOEK TE DOEN INDIEN U BYSTAND VAN DIE TRIBUNAAL BENODIG

Die Wes-Kaapse Huurbehuisingstribunaal
Privaatsak X9083
KAAPSTAD
8000

(021) 483 2111, 483 2099, 483 2189, 483 3844, 483 4383, 483 4020, 483 4190
Faks: (021) 483 2060

STRAATADRES:
Departement van Behuising
Grondverdieping
Waalstraat 27
KAAPSTAD

www.capegateway.gov.za/rentalhousingtribunal